basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2

## NOVEMBER 2015

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (40) |
| AFDELING B: | Lang transaksionele teks | (20) |
| AFDELING C: | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. BEPLANNING, REDIGERING EN PROEFLEES:

   - Beplan, redigeer en proeflees jou skryfstukke.
   - Gebruik byvoorbeeld ŉ kopkaart, vloeidiagram, sleutelwoorde, ens. vir jou beplanning.
   - Doen elke keer beplanning VOORDAT jy die finale produk skryf.
   - Dui die beplanning duidelik aan.
   - TREK ŉN STREEP DEUR DIE BEPLANNING NADAT JY DIE FINALE PRODUK GESKRYF HET.

6. Beplan jou tyd só:

   AFDELING A: 60 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 30 minute

7. Nommer elke skryfstuk soos wat dit in die vraestel genommer is.

8. Skryf die vraagnommer en die titel neer.

9. Skryf jou eie titel neer as jy oor ŉ prent in VRAAG 1.5 skryf.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: OPSTEL

Skryf ’n opstel van 200–250 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

### VRAAG 1

1.1 **EK IS 'N TIENER**

Vir party jongmense is dit lekker om ’n tiener te wees, maar vir ander is dit nie lekker nie.

Skryf ’n **opstel** oor tienerwees.



[Uit www.auxilliarytravelblog.com]

Dink aan die volgende:

- Watter dinge is vir jou as tiener belangrik?
- Watter goeie geleenthede is daar vir jou as tiener?
- Watter probleme het jy as tiener?
- Waarom is dit vir jóú lekker om ’n tiener te wees/nie lekker om ’n tiener te wees nie? **[40]**

1.2 **HY/SY LAAT MY ALTYD GLIMLAG**

Jy ken iemand wat jou altyd laat glimlag.

Skryf ’n **opstel** oor hierdie persoon en vertel waarom hy/sy jou altyd laat glimlag.



[Uit www.twitter.com]

Dink aan die volgende:

- Wie is hierdie persoon?
- Wat is jou verhouding met hom/haar?
- Wat doen of sê hierdie persoon om jou te laat glimlag?
- Hoekom sal hierdie persoon altyd ’n spesiale plek in jou hart hê? **[40]**

Kopiereg voorbehou

## 1.3 DIE LAASTE DAG VAN MY SKOOLLOOPBAAN

Die laaste dag van jou skoolloopbaan was 'n baie spesiale dag. Jy sal dit nooit vergeet nie.

Skryf 'n **opstel** oor die laaste dag van jou skoolloopbaan.



[Uit www.clipartguide.com]

Dink aan die volgende:

- Wat het alles op die laaste dag van jou skoolloopbaan gebeur?
- Hoekom was daardie dag anders as ander skooldae?
- Wat het daardie laaste dag spesiaal gemaak?
- Hoekom sal jy daardie dag nooit vergeet nie? **[40]**

## 1.4 DIT WAS MY KEUSE

Die lewe bestaan uit keuses. Soms kies 'n mens reg en goeie dinge gebeur. Ander kere kies 'n mens verkeerd en slegte dinge gebeur.

Skryf 'n **opstel** oor 'n keuse wat jy gemaak het.




[Uit www.linkedIn.com]

Dink aan die volgende:

- Wat was hierdie keuse wat jy gemaak het?
- Hoekom het jy hierdie keuse gemaak?
- Wat het gebeur nadat jy hierdie keuse gemaak het?
- Hoe het/sal hierdie keuse jou toekoms verander? **[40]**

1.5 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n **opstel** daaroor.
Skryf die VRAAGNOMMER van die opstel neer en gee jou opstel 'n TITEL.
Jou opstel moet met die prent verband hou.

1.5.1



[Uit www.strongfamilies.org] **[40]**

1.5.2




[Uit www.zimbio.com] **[40]**

1.5.3



[Uit www.mirror.co.za] **[40]**

1.5.4



[Uit www.naturepics.com] **[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 80–100 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

## VRAAG 2

### 2.1 FORMELE BRIEF

Hierdie advertensie het in jou dorp se plaaslike koerant verskyn.


**DEELTYDSE WERK BESKIKBAAR VIR DESEMBERVAKANSIE**

Die Sonskyn Supermark het deeltydse werk vir jongmense om vanaf 6 Desember 2015 tot 4 Januarie 2016 as pakkers te werk.

Aansoekers moet bereid wees om lang ure te werk en moet altyd betyds wees.

Skryf 'n aansoekbrief met die volgende inligting indien jy belangstel:

- Die rede waarom jy graag die werk wil hê
- Jou persoonlike besonderhede
- Jou kontakbesonderhede
- Waarom jy geskik is vir die werk




Rig jou aansoekbrief aan:
Die Bestuurder
Sonskyn Supermark
Posbus 9876
Johannesburg
2001

Skryf 'n **formele brief** aan die bestuurder van Sonskyn Supermark en doen aansoek om die deeltydse werk as pakker. **[20]**

2.2 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Die kollege/universiteit waar jy volgende jaar wil gaan studeer, is ver van jou ouerhuis af. Jy kan nie in 'n koshuis gaan bly nie, want dit is te duur.
Gelukkig het jy 'n oom/tante wat naby die kollege/universiteit woon.

Skryf 'n **brief** aan jou oom/tante en vra of jy by hom/haar kan inwoon terwyl jy studeer.



[Uit www.huffingtonpost.com]

Dink aan die volgende:

- Waarom wil jy by hom/haar inwoon?
- Hoe lank wil jy by hom/haar inwoon?
- Hoe beplan jy om hom/haar terug te betaal?
- Wat sal dit vir jou beteken as hy/sy ja sê? **[20]**

2.3 **DIALOOG**

Jy het 'n hamburger by *McBurger* gekoop.
Terwyl jy besig was om die hamburger te eet, het jy 'n stuk plastiek raakgebyt. Jy het teruggegaan om te gaan kla.

Skryf die **gesprek** tussen jou en die bestuurder van *McBurger* neer.



[Uit www.clipartbest.com]

Begin die gesprek só:

Bestuurder: Goeiemôre, kan ek help?
*(Reël oop)*
Ek: Goeiemôre. Ek is ontevrede oor die hamburger wat ek nou net hier gekoop het.
*(Reël oop)*
Bestuurder: ...
*(Reël oop)*
Ek: ...
*(Reël oop)*

**LET WEL:** Laat 'n reël na elke spreekbeurt oop. **[20]**

2.4 **INFORMELE TOESPRAAK**

Jou beste maat word agtien jaar oud en hou 'n verjaarsdagpartytjie.
Jy moet 'n toespraak lewer om hom/haar geluk te wens.

Skryf hierdie **toespraak**.



[Uit www.lakeshore.com]

Dink aan die volgende:

- Watter tipe mens is jou maat?
- Watter goeie dinge het jou maat gedoen?
- Wat het jy en jou maat alles saam gedoen?
- Wat is jou goeie wense vir jou maat se toekoms? **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 50–80 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

## VRAAG 3

### 3.1 STROOIBILJET

Jou skool hou ’n talentaand.

Die skoolhoof het jou gevra om ’n strooibiljet te maak om mense in te lig oor wat alles by die talentaand gaan gebeur.



[Uit www.shutterstock.com]

Maak ’n **strooibiljet** om mense van die talentaand te vertel.

Dink aan die volgende:


- Waar en wanneer word die talentaand gehou?
- Wat gaan alles by die talentaand gebeur?
- Wat kan mense alles by die talentaand doen en koop?
- Wie kan vir meer inligting gekontak word?

**LET WEL:** Punte word vir inhoud toegeken, NIE vir versierings NIE. **[20]**

### 3.2 DAGBOEKINSKRYWING

Jou gunstelingsanger het gisteraand in die skoolsaal gesing. Jy het na hom/haar gaan luister en ook die kans gehad om met hom/haar te gesels.

Skryf in jou **dagboek**. Vertel wat die aand gebeur het en hoe jy daaroor gevoel het.




[Uit *Clipart*]

Dink aan die volgende:

- Wie is jou gunstelingsanger?
- Wie het saam met jou gegaan?
- Wat het alles die aand gebeur?
- Hoe voel jy oor alles wat die aand gebeur het?

**[20]**

3.3 **INSTRUKSIES**


Jou broer of suster het matriek baie goed geslaag. Hy/Sy wil jou help om beter te studeer en het vir jou TIEN instruksies gegee om te volg.

Skryf die TIEN **instruksies** puntsgewys in volsinne neer.


Jy kan die prentjies hieronder gebruik om jou te help.

Voorbeeld:

1. Stel 'n studierooster op waarby jy moet hou.
2. ...
3. ...






















**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou